

Skriflesing: 1 Konings 18:22-42

Teks: 1 Konings 18:26-30; 36-42

Sing-

Ons moet dit goed raaksien, broeder en suster, (ook wanneer \emptyset kindjie, \emptyset verbondskindjie gedoop word), dat so \emptyset gedoopte kind is nie maar dieselfde in die Here se oë as \emptyset kind wat nie gedoop is nie. Selfs wanneer die Here die aarde geskape het, dan is God daarin die Skeidingmaker. In Hebreeus kan ons praat van die Here as die Hammabdil, as die Een wat skeiding maak tussen lig en duisternis, tussen die see en droë grond, tussen die voëls en die diere wat nie kan vlieg nie, tussen diere in die see, diere op land, selfs op die sesde dag, die kloof, die onoorbrugbare kloof tussen die skepping van die diere volgens hulle soorte en die mens, (hierdie babatjie ingesluit vandag) is onderskeidend van alles wat die Here vooraf geskape het. God is waarlik Hammabdil-Skeiding-Maker.... Daar is altyd nog in die eenheid van alles wat die Here gemaak het, ook \emptyset verskil, selfs in die Here se hoogste skeppingswerk, die kroon van sy skepping het God man en vrou as mense geskape (\emptyset eenheid- selfs uit een bloed het al die nasies voortgekom!) en tog het hulle onderskeidend na vore gekom, die man wat man moet wees, die vrou wat vrou moet wees.

Ons moet die lyne skerp trek, broeder en suster, dit moet ons as gelowiges voortdurend op ingestel wees. Daar is baie skeidings wat God gemaak het, wat die mens voortdurend sal probeer doodvee. Al kon Satan God in sy skeidings werk in sy skepping nie keer nie, toe is hy, die duiwel nog \emptyset engel gewees, ook as engel geskape, maar na die duiwel se eie sondeval is hierdie satan voortdurend daarop ingestel, om voortdurend die skeiding, die duidelike skerp lyne wat daar tussen kerk en wêreld moet wees te wil uitvee, te wil doodvee. God het baie duidelik gesê en dit met die moederbelofte verseël dat ek stel vyandskap tussen die slangesaad (die wêreld) en die vrouesaad (die kerk). Die vyandskap kan tog niks anders wees as skeiding ó as óskeiding-skap...ö

\emptyset Deel van die mensdom sal die slangesaad saai en met die kerk het die Here in die vrouesaad juis nie daarmee slangesaad bedoel nie. Daar moet weereens skeiding gewees het. (Hierdie druppels water op \emptyset kindjie se voorkop dui op \emptyset geweldige skeiding wat ons as mens moet laat besef moet nie die grense wat God trek wil ignoreer nie, want nog altyd het die mens in sy sonde dit wou doen.) Mense wil kerk en wêreld nader na mekaar bring, eintlik inmekaar laat smelt, maar is dit werklik wat God ons leer. Ons sien telkens hoe mense dit wat God as skeiding daargestel het die verskille wil ophef. Die mens wat aanmekaar slimmer

as God wil wees om dit wat nie \emptyset eenheid kan wees nie, \emptyset tipe van eenheid te maak, of ten minste net die verskille te wil laat krimp.

Die nageslag van Set en die nageslag van Kain, Genesis 6 hulle was nie veronderstel om te ondertrou nie. Tog lees ons in Genesis 6 hoe die mens dink om \emptyset deurbraak te maak, \emptyset skynbaar geseënde deurbraak, maar is dit werklik geseënd?! Die seuns van God, so staan daar het getrou met dogters van die mense wat vir hulle mooi was en *hulle het vir hulle as vroue geneem almal wat hulle verkies het*. Nie meer hoe God dit verkies nie, maar hoe die mens dit verkies.

En hierdie oorgrens-huwelike lyk geseënd, die kinders hieruit gebore is reusagtig groot, die menslike gene meng goed- ons lees Gen.6:4- *In die dae was die reuse op die aarde...* Sulke gesonde babas, babas wat reusagtig groot word, dit laat dit lyk, kerk en wêreld werk goed saam, vrugbaar werk hulle op mekaar in, tog lees ons onmiddellik hoe dit alles die Here berou het- *My Gees sal nie vir ewig in die mens heers nie...v.5- Toe die Here sien dat die boosheid van die mens op die aarde groot was...* en die verskriklike van die kompromie tussen kerk en wêreld bring eenvoudig hemelse hartseer- ons lees... *dit het die Here berou dat Hy die mens op die aarde gemaak het en daar was smart in sy hart...* .Die vermenging van die kerk met die styl van die wêreld was waarlik vir God \emptyset gruwel, meer as \emptyset gruwel, dit het vir God smarte gebring!

Ons kan eintlik hoofstuk vir hoofstuk daarop wys, hoe hierdie proses van God wat skeiding maak, God trek die duidelike lyne, God maak skerp onderskeid, maar die mens wil weer soos God wees, die mens wil meer as God wees, die mens wil aanmekaar die skerp lyne stomp maak, die mens wil aanmekaar die skeidinge probeer wegvee. God het met die sondvloed weer \emptyset skeiding gemaak, die wêreld het verdrink, net Noag en sy onmiddellike familie, agt mense het oorgebly, dit was die kerk op die ark, of ons kan sê die ark was die kerk, maar dadelik kom weer die mens wat die grond wil gelykmaak, daar mag nie so \emptyset skerp onderskeid tussen kerk en wêreld wees nie, want besluit die mensdom na Noag, om nog uit daardie lekker vrugbare klei- ...saamgespoelde grond van jare tevore se sondvloed- reën, daaruit word goeie stene gemaak, om \emptyset stad te bou en \emptyset toring te bou, wat uitwys en op-wys dat ons as mense wil nie geskeie van mekaar bly nie. Ons wil een wees, ons wil vir ons naam maak, weereens was God die Skeiding-maker met die tonge wat begin knoop, die mense se taal word verwar, dat daar tog net skeiding moet kom.

In die skeiding is die seëninge van God merkbaar dat die mens moet versprei, moet van mekaar kan skei, daar is \emptyset aarde wat bewoon moet word. Die mens wat naam wil maak, maar God maak skeiding. En tog kom God, die Skeiding-maker met een mens, Abraham en Abraham is die een wat hom moet onderskei van die mense van Babel. Genesis 12 kom na Genesis 11 ó hierdie man Abraham sal nie vir homself naam maak nie, God sal vir hom \emptyset naam maak, en dit weereens op die beginsel van God as Hammibdil- Skeiding-maker, want moet Abraham uitskuif, dit is \emptyset skeiding, hy moet trek uit die land en uit die familie uit na die land wat God Hom sal aanwys...Hoe vêr God hierdie skeiding sou laat strek sou Abraham nie weet nie, maar dat dit moet gebeur dit was vir Abraham duidelik. Daaraan het hy eenvoudig kinderlik gehoor gegee...Skeidinge wat dui op lyne wat skerp is, is daar sovele voorbeelde van...Jakob en Esau...Israel wat na sy terugkeer uit Egipte in Kanaan juis nie met die ander Kanaänitiese volke een moet word nie...God bly die Skeiding-Maker-die Hammibdil.

Ons sou voorbeeld na voorbeeld so kon aanhaal, tot vanaand toe, maar ons teks hoofstuk, staan al vêr in die geskiedenis van Israel, daar waar hulle lankal van Egipte al teruggekeer het, die Wet is Israel gegee, die Sinaitiese verbond is hulle gegee. Daar het intussen baie water die see ingeloop is die uitdrukking wat mense gebruik.... water van die Rooi-see, ook die Jordaan, al God se water-gebonde wonders, sy doop-gebonde wonders het plaasgevind, tog sien ons weereens hoe die Here die lyne skerp trek. Israel, God se verbondsvolk teenoor die heidennasies rondom hulle, het steeds met die God te doen (wat by hierdie doop vandag vir ons wys) hoe Hy die Here, die lyne skerp trek! Hulle moet heilig wees, want God is heilig. Dit is hoe die Here hierdie skeiding kort en kragtig regverdig. Die Here, Israel se Bruidegom het sy volk lief met \emptyset liefde waarin Hy nie ontrou duld nie. Hy wat \emptyset jaloerse God is, het ons vanoggend reeds in die Wet gehoor, Hy wat onverdeelde trou eis, Hy moet alleen aangehang word. God wil Homself skei van dit wat ons hier op aarde so kan liefkry, dit wat ons afgode word, God skei Homself daarvan, Hy laat Hom nie daarmee assosieer nie, nog minder laat Hy Hom saam met ander gode dien.

Die baie skeidings wat ons nou al van gepraat het, broeder en suster, laat ons dan stilstaan waar God op Karmel vir ons die lyne net so skerp getrek het. As ouers wat ons kinders gedoop het, staan ons daar waar Elia die hele Israel bymekaar geroep het, ook die profete van Baal is daar. Hier sou die heidendom hulle stempel kon afdruk. Agab en sy goddelose vrou

Isebel was daarop uit om die ware God nie te dien nie, om hulleself van God af te skei. Hulle wou wys dat die god van die heidendom sal α verskil kan maak. Hulle aanvaar hulle god, hulle afgod sal die skeiding kan maak, maar wie was waarlik daardie dag die Hammibdil, wie was die ware Skeiding-Maker.

Die antwoord het dieselfde dag nog gekom. Die heidendom het hulle beste gegee, hulle beste danse, hulle het na hulle gode geroep, eintlik naderhand geskreeu, op die ou end hulleself met hulle eie spiese en swaarde stukkend gekerf, maar hierdie afgode kom nie om skeiding te maak nie. Hulle kan nie, hulle word op geen manier geaktiveer nie, want sulke gode is dooie goed al wil die mense watter lewe ook al daarin probeer blaas.

Die ware God is die enigste God, die Skeiding-Maker op Karmel het geantwoord nadat Elia die volk nader geroep het, die altaar ten volle gereed gemaak het. Die Here maak dit dubbel duidelik, met vuur, ja met vuur wat water oplek, daardie skeiding tussen vuur en water sal God wegneem, as Hy die groot Skeiding-Maker Self skeiding maak. Al was die altaar nat gegooi, dat dit lyk geen vuur sal daar kan brand nie, brand daar α vuur van die God uit die hemel sodat niemand sou wonder Wie is hierdie Skeiding-Maker. Hy maak die verskil tussen kerk en wêreld, tussen Christendom en heidendom op geen onduidelik wyse nie. α Afgeslagte skeiding, want daardie Baäl profete is gegryp en afgebring na die spruit Kison en ons lees hulle is daar geslag. Die skeiding is voltrek- die Hammibdil is altyd dieselfde Skeiding-maker aan die werk.

Ook as ons vandag van hier vêrder gaan, (ook my kind wat in die Naam van hierdie Drie-Enige God, in die Naam van die Skeiding-Maker gedoop is) wat beteken dit vir die lewe môre en oormôre? Is u bereid om die Naam van die lewende God voor alle mense aan te roep. (Hierdie kindjie se doop getuig van α skerp lyn wat getrek is). Is ons werklik nog bereid, by ons huise, in ons kinders se skoolonderrig, dat daar in jou lewe en in jou huis en in jou kind se lewe α verskil gemaak moet word, α baie duidelike skerp lyn getrek word, tussen waarmee jou kind opgevoed word en dit wat van die heidene kom. Karmel trek die skerp lyne, wat natuurlik op die berg Golgota nog skerper afgeëts lê. Daar het Christus, tussen hemel en aarde gekruisig, op die skeiding tussen die aardse en die hemelse sy lewe gegee, Hy het die hel ingegaan, dat daar skeiding mag wees tussen die magte van die bese, die hel en Hy het die bese oorwin.

In sy skeiding lê juis sy oorwinning, Hy het die magte van die bose vernietig, en hierdie skeiding bekragtig toe Hy triomfantlik opgevaar na die hemele en juis in sy opvaar het Hy gepreek vir die geeste in die gevangenis (1 Pet.3:18-22). Elke bose gees op hierdie aarde vas gekerker sou Jesus na sy opstanding op geen manier van sy skeiding ontnem nie. Christus vaar triomfantlik by hulle verby. Christus maak skeiding tussen Homself en dit wat die bose aan Hom wou doen. Sy regterstoel is die skeiding stoel, engele, magte, kragte is aan Hom onderworpe, aan Hom is gegee alle mag in die hemel en op die aarde. Met sulke mag sal daar skeidings gemaak word wat geen mens kan maak nie. Die finale skeiding sal by die wederkoms plaasvind, wanneer God in Christus die finale skeiding gaan maak, die uitverkorenes en verworpenes sal van mekaar geskei word, wanneer die lyne finaal op hulle skerpste getrek word.

By hierdie doopbak vandag, het ons eintlik 'n skeidings bak. Rondom 'n klein kindjie se lewe, rondom 'n bietjie water, is daar groot lyne wat raakgesien moet word, maar die groot lyne van die doop is ook skerp lyne wat rondom my en my kinders se lewe getrek moet word. Om hierdie kind nie maar net gewoon 'n gedoopte kind te sien nie, maar met die doop het ons belowe ek gaan nou ook lyne trek. Ek gaan dit skerp trek, want my kind het die teken van skeiding ontvang. God het die belofte gegee om hierdie kindjie Syne gemaak, dat die wêreld nie die kind mag vat nie, maar nou gaan ons met hierdie skerp lyn die lewe in.

Hoe gaan ek hierdie skeiding in my lewe toepas. My van die wêreld onttrek, nee broeder en suster, gaan ek in alles wat in die wêreld is, die bose voorop stel, nee broeder en suster. U moet juis in kontak kom met die wêreld, dat die wêreld mag weet ons is onbeskaamd besig om soos sout en lig die wêreld in te werk en in te skyn. Na Elia die skerp lyn getrek het, daar rondom die altaar was die lyne tog geweldig skerp, in die skeiding wat daar was, is Elia nog in kontak met Agab. Elia onttrek hom nie, hy sê vir Agab- *Trek op, eet en drink, want hoor die gedruis van die reën...*

Dit is 'n geweldige toets of Agab bereid is om op hierdie gebeure God te dien, God te erken, God te ken as die Skeidingmaker, of gaan hy maar gewoon met sy lewe aangaan asof daar nie 'n geweldige ding gebeur het nie. Asof die geweldige skeiding hom nie raak nie, al het God dit so skerp en duidelik getrek. Het u gesien wat het Agab gedoen. Hy het gewoon met sy lewe aangegaan, dit raak hom nie, hy het gaan eet, met sy lewe so voortgegaan asof daar niks

gebeur het nie. So onaangeraak deur de geweldige openbaring wat sopas op Karmel gebeur het.

Maar Elia het op die top van Karmel geklim, hy wil so naby aan die hemel kom as moontlik, daar buig hy omlaag, hy het homself *op die grond neergebuig en sy aangesig tussen sy knieë gesteeek...* Aangegryp deur die skerp lyne wat God getrek het, het hy gedoen wat ons ook moet doen. Moet nie maak asof die lyne van skeiding tussen kerk en wêreld nie bestaan nie. Nog erger, moenie probeer soos die mensdom nog altyd wou doen om die skeidslyne te vernietig of te wil vervaag nie. God sal dit nie toelaat nie en as dit lyk, dit lyk na \emptyset geseënde toelating, wees verseker daardie reuse daaruit gebore, gaan op jou kom trap. Daardie toring daaruit gebou gaan op jou kom val. Daardie slang uit daardie saad gebore gaan vir jou kom pik.

U as ouers vandag, ons almal wat getuies was van hierdie lyn wat skerp getrek is, laat ons, ons knieë eerder wil buig, ons koppe vasgryp, omlaag na die Here en ons bid en ons bely. Ons glo en ons getuig. Nou of ons bid en of ons bely, of ons glo en of ons getuig, dit sal geen verskil maak nie, dat jy God so dien, dat Hy in jou lewe vir jou \emptyset Skeiding-Maker is. Elia het 2X gebid, die gebed hoort by die kind van God, die Baals-profete van Agab roep en skreeu, bulder en kerf hulleself, die kind van God vernietig hom/haar nie voor God nie, want God kyk na sy kind wat bid, net soos God weet as jy in jou hart Hom waarlik as die enigste God erken, jy het in jou hart \emptyset skeiding kon maak, tussen Wie God vir jou waarlik is en dit wat die wêreld jou bied, daardie belydenis sal God jou tot verryking van jou geloof laat strek, want my en jou geloof wil juis dat daar baie ander skeidings moet wees, sodat geen skeiding mag wees tussen jou en Christus nie. Mag dit wees, dat na al die skeidings wat God maak, dit alles mag dien, dat daar tussen u en u kinders, tussen u kinders en u, maar boweal, tussen julle almal en God nie skeiding mag kom nie, omdat God Homself eenmaal van sy eie Seun moes skei (Hom moes verlaat) om julle nie te verlaat nie. As u hiervan kan getuig, hoe God Hom nie in jou lewe van jou vervreem nie, God is by en met jou, gaan onbeskaamd hierdie lewe in, wees \emptyset doelgerigte uitgesproke kind van God en wees iemand wat die lyne skerp kan trek.

AMEN